



Natuurwetenskap en Tegnologie – Graad 6

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood. Byvoorbeeld:- As die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood (sien voorbeeld 1 hieronder). Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (sien voorbeeld 2 hieronder).

Voorbeeld 1:- 4. a b ~~c~~ d

Voorbeeld 2:- 4. a ~~b~~ ~~c~~ d

Plante maak hul eie kos deur 'n proses genaamd fotosintese.

1. In watter deel van die plant vind hierdie proses plaas?

- (a) Wortel.
- (b) Stingel.
- (c) Blaar.
- (d) Tak.



Plante maak meer glukose as wat hul onmiddellik kan gebruik.

2. Hulle skakel die meeste van die glukosesuiker om in ten einde dit te berg.

- (a) stysel (b) koolstof (c) chlorofil (d) water




3. Watter van hierdie plante berg kos in sy wortels?

- (a) Spinasie.
- (b) Geelwortels.
- (c) Tamatie.
- (d) Kool.

Kosse kan getoets word vir die teenwoordigheid van stysel deur jodiumoplossing by te voeg en vir 'n kleurverandering te kyk.

4. Om 'n positiewe toets vir stysel te toon, verander die jodiumoplossing van kleur vanaf

- (a) blou na blouswart.
- (b) blouswart na bruin.
- (c) bruin na blouswart.
- (d) blou na rooierige bruin.




5. Watter van hierdie stellings is 'n foutiewe vergelyking tussen stysel en glukose?

- (a) Stysel smaak soeter as glukose.
- (b) Glukose smaak soeter as stysel.
- (c) Glukose is oplosbaar in water terwyl stysel onoplosbaar is in water.
- (d) Beide stysel en glukose is wit in voorkoms.

6. Watter van hierdie kosse is 'n bron van koolhidrate?

- (a) Spek.
- (b) Cheddarkas.
- (c) Eiers.
- (d) Pasta.



7. Die siekte wat algemeen geraak het onder matrose weens lang seevaart sonder vitamien C in hul dieet, was

- (a) muiery. (b) skurfbuik. (c) Ebola. (d) herpes.

Elke voedingsstof het 'n spesifieke funksie in die liggaam.

8. Proteïene in 'n dieet het ten doel om

- (a) energie te verskaf.
- (b) sterk boumateriaal te bou.
- (c) groei en ontwikkeling te laat plaasvind.
- (d) energie te berg en isolering te verskaf.

9. 'n Gebalanseerde dieet bevat

- (a) proteïene, koolhidrate en vette.
- (b) hoeveelhede kos uit alle voedingsgroepe, sowel as water.
- (c) slegs baie groente en vleis.
- (d) eweveel hoeveelhede kos uit al die voedingsgroepe.



'n Voedselpiramide verskaf 'n gids tot 'n gesonde, gebalanseerde dieet.



10. Watter van hierdie kosse word aan die onderkant van die voedselpiramide gevind?

- (a) Vette en olies.
- (b) Vrugte en groente.
- (c) Melk en suiwelprodukte.
- (d) Grane en stysel.



11. **Watter vlak van die voedselpiramide bevat kossoorte waarvan 'n mens die minste moet eet?**
 (a) Boonste. (b) 2de van bo.
 (c) Onderste. (d) 2de van onder.

12. **Voedsel word geprosesseer hoofsaaklik om dit eetbaar te maak, langer te laat hou en om**
 (a) sommige van die voedingstowwe te verminder.
 (b) die voedingswaarde te verbeter.
 (c) dit lae GI te maak.
 (d) dit ryk aan vette en suikers te maak.

13. **Watter van hierdie is 'n voorbeeld van 'n hoogsgeprosesseerde kos?**
 (a) Melk. (b) Neute. (c) Beskuitjies. (d) Groente.



14. **'n Ekosisteem is**
 (a) 'n gebied met baie bome en struik.
 (b) 'n gebied waar lewende en nie-lewende dinge op baie maniere van mekaar afhanklik is.
 (c) die voedingsverhouding tussen baie verskillende organismes.
 (d) 'n rotsagtige kuslyn.

Kies die korrekte antwoord uit (a, b, c, d) vir vrae 15 en 16.

- (a) Aasdier.
- (b) Produseerder.
- (c) Ontbinder.
- (d) Verbruiker.



15. **Watter tipe organisme maak sy eie kos?**

16. **Watter tipe organisme breek dooie en verrottende stowwe af?**

17. **'n Organisme wat 'n ander organisme doodmaak en eet is**
 (a) die prooi.
 (b) 'n roofdier.
 (c) 'n parasiet.
 (d) 'n ontbinder.



Kyk na die diagram van 'n voedselweb hieronder, beantwoord dan vrae 18 – 21.



18. **'n Voedselweb is 'n**
 (a) stelsel van habitats wat aaneensluit en interafhanklik is.
 (b) stelsel van voedselkettings wat aaneensluit en interafhanklik is.
 (c) kombinasie van diere uit verskillende habitats.
 (d) kombinasie van diere en plante van verskillende habitats.

19. **Identifiseer die korrekte keuse met twee roofdiere uit die voedselweb diagram hierbo.**
 (a) Wolf en sprinkaan. (b) Padda en vrugtevlieg.
 (c) Arend en padda. (d) Wolf en skoenlapper.

20. **Watter van die organismes uit die voedselweb hierbo gebruik die energie van die son om kos te maak?**
 (a) Skoenlapper.
 (b) Laventel.
 (c) Naaldekokker.
 (d) Lyster.



21. **Watter van die volgende stellings toon 'n primêre, sekondêre en tersiêre verbruiker uit die voedselweb?**
 (a) Vrugtevlieg, naaldekokker en skoenlapper.
 (b) Mielie, sprinkaan en padda.
 (c) Rot, luislang en arend.
 (d) Mango's, naaldekokker en wolf.

22. **Watter van hierdie stellings is *foutief*?**
 (a) In vaste vorms is die deeltjies styf teenmekaar gepak en hulle vibreer op een plek.
 (b) In vloeistowwe is die deeltjies na aan mekaar gepak en hulle het geen vaste fatsoen nie.
 (c) In vloeistowwe en gasse is deeltjies vry om rond te beweeg.
 (d) In gasse is deeltjies ver van mekaar en die deeltjies beweeg in een rigting.

